Die skatkistekort voor lenings het in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1987/88 R3,2 miljard bedra, wat die tekort in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1986/87 met nie minder nie as R2,1 miljard oorskry het. Die tekort in April 1988 was egter R0,8 miljard kleiner as in April 1987, wat 'n daling van ongeveer 30 persent verteenwoordig het.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Nadat dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 5 persent in die vierde kwartaal van 1987 toegeneem het, het die reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1988 volgens voorlopige ramings voortgegaan om betreklik sterk te styg teen 'n jaarkoers van ongeveer 4 persent. Die reële bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1988 'n vlak van ongeveer 2½ persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987 bereik.

Bo-gemiddelde groeikoerse is in die sekondêre sektore (fabriekswese; elektrisiteit, gas en water; en konstruksie) en in die nie-primêre sektore in die algemeen aangeteken. Die seisoensaangesuiwerde groei in reële produksie teen jaarkoerse bereken vir hierdie twee groepe sektore het in die eerste kwartaal van 1988 ongeveer 8 en 5 persent bedra.

Sektorale ramings toon dat toenames in reële toegevoegde waarde in al die sektore van die ekonomie met die uitsondering van die mynbou aangeteken is. Opvallende produksietoenames is deur die sektore fabriekswese; elektrisiteit, gas en water; handel; landbou en konstruksie getoon. Reële produksie in die mynbou wat in die derde kwartaal van 1987 hoofsaaklik as gevolg van stakings in die goudmynboubedryf gedaal het, het in die vierde kwartaal aansienlik gestyg, maar het weer in die eerste kwartaal van 1988 afgeneem as gevolg van laer uitvoervolumes in sekere onderafdelings van die nie-goudmynbou en namate die goudmynbedryf op effens laer produksievlakke bestendig het. In die eerste kwartaal van 1988 is die neiging van

die afgelope aantal jare in die goudmynbou na 'n laer gemiddelde goudinhoud van die erts wat vergruis is, voortgesit. Dit kan toegeskryf word aan die betreklike hoë randprys van goud wat die myne, ten spyte van stygende produksiekoste, in staat gestel het om afvalmateriaal te herverwerk en om armer erts te ontgin.

Die belangrikste bydraes tot die stewige groeikoers in totale reële produksie in die eerste kwartaal van 1988 is deur die fabriekswese en die handel gelewer. Die totale volume van fabrieksproduksie aangesuiwer vir seisoensinvloede, het die kwartaallikse gemiddelde vlak van fabrieksproduksie vir die kalenderjaar 1980 in die eerste kwartaal van 1988 vir slegs die tweede keer sedert die tweede kwartaal van 1984 oorskry.


Merkbare produksietoenames in die fabriekswese in die eerste kwartaal van 1988 is deur die onderafdelings papier en drukwerk, chemikalieë en masjinerie en vervoertoerusting aangeteken. Aansienlike verdere stygings in reële produksie, wat 'n voortsetting van produksietoenames in die derde en vierde kwartale van 1987 was, is ook deur die sektor handel, en in die besonder deur die groothandel en motorhandel, getoon.

Binnelandse besteding


Totale reële bruto binnelandse besteding wat teen 'n gemiddelde jaarkoers van 6½ persent in die tweede, derde en vierde kwartale van 1987 gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1988 teen 'n aansienlike hoër koers gestyg. Die totale reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1988 was meer as 10 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987.

Volgehoue groei is in die eerste kwartaal van 1988 in al die hoofkomponente van bruto binnelandse besteding waargeneem. *Reële private verbruiksbesteding* het teen 'n jaarkoers van 4 persent toegeneem wat in ooreenstemming is met naastenby soortgelyke kwartaallikse toenames (teen jaarkoerse wat tussen ongeveer 2¾ en 5¼ persent gewissel het) sedert die tweede kwartaal van 1986. Toenamekoerse in reële private verbruiksbesteding in die grootste gedeelte van 1986, 1987 en vroeg in 1988 het ook gunstig met die langtermyn opwaartse neiging in reële private verbruiksbesteding gedurende die tagtigerjare vergelyk. In die sewejaartydperk vanaf 1981 tot en met 1987 het die gemiddelde jaarlikse koers van toename in totale reële private verbruiksbesteding slegs ongeveer 2 persent beloop.

Die verdere toename in reële private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1988 is deur 'n effense toename in totale reële persoonlike beskikbare inkomme gerugsteun. Dit was verder ook die gevolg van 'n aansienlike versnelling in huishoudings se gebruikmaking van verbruikerskrediet. Toenames in die reële besteding aan die hoofkomponente van private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1988 het



Reële bruto binnelandse besteding



teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse gewissel vanaf 2 persent in die geval van nie-duursame goedere tot soveel as 13 persent in die geval van duursame goedere. Die toename in die besteding aan duursame verbruiksgoedere was hoofsaaklik die gevolg van die relatiewe sterk verkope van motorvoertuie en huishoudelike toestelle. Die merkbare styging in die verkope van nuwe motorvoertuie gedurende die eerste kwartaal van 1988, veral in Februarie en Maart, was gedeeltelik 'n weerspieëling van die vermindering van agterstallige bestellings vir nuwe motorvoertuie wat in die derde en vierde kwartale van die vorige jaar ontstaan het.

Reële private besteding op semi-duursame goedere en op verbruikersdienste het in die eerste kwartaal van 1988 teen jaarkoerse van onderskeidelik ongeveer 5½ en 3 persent toegeneem. Dit het gevolg op naastenby soortgelyke koerse van toename in die vierde kwartaal van 1987. Die toenames in besteding deur huishoudings op hierdie twee bestedingskomponente was wydversprei oor die meeste van hul vernaamste onderafdelings.

Reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid wat sterk toegeneem het in die eerste helfte van 1987 en weer in die vierde kwartaal ná 'n merkbare

afname in die derde kwartaal, het voortgegaan om in die eerste kwartaal van 1988 teen naastenby dieselfde koers as in die vierde kwartaal van 1987 te styg. Die vlak van hierdie besteding in die eerste kwartaal van 1988 was sowat 5 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987. Hoewel reële vergoeding van owerheidswerknemers slegs 'n effense toename in die eerste kwartaal van 1988 getoon het, het reële owerheidsbesteding op intermediêre goedere en dienste aansienlik gestyg. In vergelyking met die fiskale jaar 1986/87 het totale reële owerheidsverbruiksbesteding, reële vergoeding van owerheidswerknemers en reële owerheidsbesteding op intermediêre goedere en dienste met onderskeidelik 5½ persent, 3½ persent en 9 persent in die fiskale jaar 1987/88 toegeneem.

'n Derde agtereenvolgende kwartaallikse toename is deur *totale reële bruto binnelandse vaste investering* in die eerste kwartaal van 1988 getoon. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in totale reële bruto binnelandse vaste investering het 1½ persent in die tweede helfte van 1987 en 2 persent in die eerste kwartaal van 1988 bedra. Aansienlike verdere toenames in reële vaste kapitaalvorming deur die private sektor het die hernieude afnames in reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare korporasies en die openbare owerhede meer as geneutraliseer.

Toenames in reële bruto vaste kapitaalvorming deur die private sektor het in die sektore landbou, mynbou, fabriekswese, handel en finansies voorgekom. Hierdie algemene herstel weerspieël die geleidelike terugkeer van sakevertroue en die invloed van die verstewiging in binnelandse vraag, asook verskeie ander gunstige ontwikkelings. In die landbou het hoër reënval en die vooruitsigte van groter oeste as aansporing gedien vir die lank-uitgestelde vervanging van kapitaaltoerusting vir die plant, oes, opberging en behandeling van gewasse. In die mynbousektor is kapitaaluitgawes aangegaan vir die ontwikkeling van verskeie nuwe ondernemings in sowel goudmynbou as nie-goudmynbou terwyl verbeterings aan bestaande aanlegte en masjinerie by 'n aantal ouer myne aangebring is.

In die fabriekswese het die stygende vlakke van binnelandse besteding veroorsaak dat 'n toenemende aantal ondernemings die kapasiteitsperke van bestaande produksievermoë bereik het en het dit as aansporing gedien vir uitbreiding en die vernuwing van tegnies-verouderde toerusting en aanlegte. Dit is ook weerspieël in die reële besteding op masjinerie en vervoertoerusting wat deur bruikhuurkontrakte gefinansier is. In die eerste kwartaal van 1988 was kapitaaluitgawes deur sulke kontrakte gefinansier meer as 30 persent hoër as in die eerste kwartaal van die voorgaande jaar.

'n Ontleding van die totale reële bruto private vaste investering in die eerste kwartaal van 1988 volgens tipe bate toon belangrike toenames in die besteding aan nie-woongeboue, maar veral in die besteding aan vervoertoerusting, masjinerie en "ander" toerusting.

Die stygende vlak van besteding aan hierdie tipe kapitaalbesteding in die tweede helfte van 1987 en in die eerste kwartaal van 1988 het 'n verlangingsaming in die koers van vermindering in die fisiese voorrade van hierdie bates bewerkstellig, maar dit kon nog nie 'n werklike toename in hierdie voorrade veroorsaak nie.

Hernieude *afnames* in reële bruto vaste investering deur openbare owerhede en openbare korporasies kan aan die afhandeling van investeringsprojekte en die voortdurende pogings tot rasionalisering toegeskryf word. Afnames in reële investeringsbesteding deur openbare korporasies is in fabriekswese sowel as in die sektor elektrisiteit, gas en water aangeteken. Laasgenoemde was hoofsaaklik 'n weerspieëling van afnames in reële vaste kapitaalbesteding deur Eskom, wat vir verminderde nominale kapitaaluitgawes in 1988 begroot het.

Die openbare owerhede het betekenisvolle afnames in reële kapitaalbesteding deur die sake-ondernemings van hierdie owerhede, sowel as hul algemene dienslewingsdepartemente bewerkstellig. Uiteenlopende neigings is egter deur die investeringsbedrywighede van die groter sake-ondernemings getoon. In die besonder is aansienlike toenames in die eerste kwartaal van 1988 in reële vaste investering deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (in hoofsaaklik masjinerie en konstruksie) meer as geneutraliseer deur afnames in reële kapitaalbesteding deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese. Totale

reële vaste kapitaalvorming deur die openbare owerhede sowel as die openbare korporasies het dienooreenkomstig in die vier kwartale tot die eerste kwartaal van 1988 voortgegaan om aansienlik (dit is met meer as 30 persent) laer te wees as die relatief hoë gemiddelde vlakke wat die totale openbare sektor se reële vaste investering gedurende die jare 1980 tot 1985 bereik het.


'n Verdere opbou van totale reële *voorrade* is in die eerste kwartaal van 1988 vir die vierde agtereenvolgende kwartaal aangeteken. Die styging in totale reële voorrade in die eerste kwartaal van 1988, wat aansienlik groter was as in die voorafgaande drie kwartale, word bykans uitsluitlik aan die opbou van voorrade in die fabriekswese en in die groot- en kleinhandel toegeskryf.

Afnames is aangeteken in die reële voorraadvlakke van die motorhandel en die handelsvoorraad van die diamantnywerheid. Die merkbare verstewiging in die vraag na motorvoertuie deur huishoudings sowel as die maatskappysektor sedert die vierde kwartaal van 1986, het gedurende die vierde kwartaal van 1987 en in die eerste kwartaal van 1988 verder versnel. Voorraadvlakke is gevolglik ten opsigte van sowel motorvoertuigkomponente as voltooide motorvoertuie verminder.

Die diamantnywerheid het nie die verwagte insinking in verkope ná die ineenstorting van die aandelemark in Oktober 1987 ondervind nie. Lewendige verkope van diamante in wêreldmarkte in die eerste kwartaal van 1988, het tot 'n vermindering in diamantvoorrade aanleiding gegee.

Verhogings in die vlakke van nywerheids- en handelsvoorrade gedurende die eerste kwartaal van 1988 was die gevolg van verhoogde binnelandse produksiebedrywighede, groter volumes van goedere-invoere en 'n afname in die volume van sekere goedere-uitvoere. Die verhouding van reële nywerheids- en handelsvoorrade tot bruto binnelandse produksie in die nie-landbousektore van die ekonomie het slegs matig verbeter vanaf die historiese laagtepunt van 19 persent in die derde en vierde kwartale van 1987 tot ongeveer 19½ persent in die eerste kwartaal van 1988. Die versnelling in die toenamekoers van totale reële voorraadopbouing vanaf die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988, het egter soveel as 8 persentasiepunte in die eerste kwartaal van 1988 bygedra tot die jaarkoers van toename in totale besteding aan die reële bruto binnelandse produk. Dit kan vergelyk word met 'n negatiewe bydrae van 6½ persentasiepunte in die voorafgaande kwartaal as gevolg van 'n afname in die koers van reële voorraadopbouing van die derde tot die vierde kwartaal van 1987.

Hoofkomponente van bruto binnelandse besteding



Faktorinkome en besparing

Die jaarkoers van toename in totale nominale faktorinkome het van 25 persent in die vierde kwartaal van

1987 tot 18½ persent in die eerste kwartaal van 1988 afgeneem. Hierdie verlangsaming was die resultaat van 'n afname van 26 tot 14 persent in die jaarkoers van toename in die totale nominale vergoeding van werknemers en van 22½ tot 20½ persent in die jaarkoers van toename in die bruto bedryfsurplusse van sake-ondernemings.

Die relatief hoë koers van toename in die totale nominale faktorinkome in die vierde kwartaal van 1987 kan toegeskryf word aan die vinnige verstewiging van totale binnelandse ekonomiese bedrywighede, verhoogde omsette, en die gevolglike toenames in die winste van sake-ondernemings in die meeste sektore van die ekonomie, asook deur relatief hoë vlakke van loonskikkings in verskeie nywerhede. Hierdie faktore was ietwat minder opvallend in die eerste kwartaal van 1988. Aansienlike verdere toenames was nietemin in die bruto bedryfsurplusse van die sektore landbou, fabriekswese, handel, vervoer en finansies waarneembaar.

Bruto binnelandse besparing het in verhouding tot die bruto binnelandse produk effens afgeneem van 23 persent in die vierde kwartaal van 1987 tot 21½ persent in die eerste kwartaal van 1988. Dit was hoofsaaklik toe te skrywe aan 'n verdere toename in netto ontsparing deur die algemene owerheid en aan 'n verdere afname in netto persoonlike besparing (en daarom ook in die persoonlike besparingsverhouding). Persoonlike besparing in sowel absolute as relatiewe terme het verder afgeneem van die relatief hoë vlak (ongeveer 4 persent van persoonlike beskikbare inkome) wat dit in die vierde kwartaal van 1987 behaal het, grootliks as gevolg van vroeëre verminderings in huishoudelike skuld en in huishoudings se skuld-tot-bateverhouding; huishoudings se bereidwilligheid om te leen en hul grootskaalse gebruikmaking van verbruikerskrediet op grond van hul verbeterde skuld-tot-bate- en skuld-tot-inkomsteverhoudings; die toenemende druk van vervangingsvraag vir sekere duursame verbruiks-goedere; en verhoogde besteding op duursame- en semi-duursame verbruiks-goedere wat neig om saam te val met 'n opswaai in woningbou en lewendige toestande in die vaste eiendomsmark soos in die Suid-Afrikaanse ekonomie vanaf ongeveer die eerste kwartaal van 1987 ondervind is. Verdere toenames in die bruto bedryfsurplusse van sake-ondernemings het daarenteen meegebring dat netto *maatskappybesparing*, wat tans ongeveer 'n derde van die totale bruto binnelandse besparing verteenwoordig, aansienlik toegeneem het in die eerste kwartaal van 1988 tot 'n vlak wat sowat 34 persent hoër was as in die eerste kwartaal van die voorafgaande jaar.

Werkverskaffing

Totale werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie het nà 'n geringe toename van 0,3 per-


sent in 1986 met 1,5 persent in 1987 toegeneem. Toenames van 0,5 persent en 3,9 persent het in 1987 voorgekom in die aantal persone wat onderskeidelik in die private en openbare sektore in diens geneem is.

Die kwartaal-tot-kwartaalkoerse van toename in werkverskaffing in fabriekswese en konstruksie het geleidelik oor die vier kwartale van 1987 toegeneem. Verdere toenames in werkverskaffing in hierdie twee sektore is in die eerste kwartaal van 1988 aangeteken. 'n Voortgesette verstewiging in die vraag na arbeid is bevestig deur die veranderinge in die verhouding van oortyd tot gewone ure gewerk. In die geval van fabriekswese het die verhouding toegeneem vanaf 10,5 persent in Februarie 1987 tot 12,4 persent in Februarie 1988 en vanaf 7,4 persent tot 8,9 persent oor dieselfde periode in die geval van konstruksie.

Die totale aantal geregistreerde werklooses het vanaf 1986 tot 1987 weinig verandering getoon. Dit het rondom 'n gemiddelde vlak van ongeveer 130 000 in beide jare geskommel. 'n Beduidende daling in hierdie aantal is egter in die eerste kwartaal van 1988 aangeteken. Dit het minder as 124 000 in Maart 1988 beloop.

Geregistreerde werkloosheid onder die nie-Swart werkers het vanaf 1986 tot 1987 betekenisvol met 11,8 persent verminder. Hierdie neiging is in 1988 voortgesit. Die aantal werklose nie-Swart werkers in Maart 1988 was 60 175 teenoor 'n hoogtepunt van bykans 82 500 in Augustus 1986.

Werkloosheid



Arbeidskoste en produktiwiteit

Die gemiddelde nominale bedrag van salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het in 1986 met 14,2 persent en in 1987 met 15,7 persent toegeneem. Die gemiddelde reële loon per werker het in 1987 met 0,4 persent afgeneem teenoor 'n afname van soveel as 3,8 persent in die voorafgaande jaar. Die kleiner afname in die reële loon in 1987 kan deels toegeskryf word aan die ietwat hoër vlak van nominale loonstygings en deels aan die laer vlak van die inflasiekoers soos gemeet deur die verbruikersprysindeks.

Arbeidsproduktiwiteit (dit wil sê die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie) het in 1986 met 0,7 persent gedaal, maar in 1987 met dieselfde persentasie gestyg. Die verbetering in 1987 in arbeidsproduktiwiteit het voorgekom nieëntaanstaande 'n skerp toename in die aantal verlore man-dae as gevolg van verskerpte vakbondbedrywighede.

Die matige styging in die arbeidsproduktiwiteit het gedurende die tweede helfte van 1987 bygedra om die uitwerking van die versnelling in nominale loonstygings in arbeidseenheidskoste te demp. Hierdie koers van toename het van 1986 tot 1987 onveranderd op 'n vlak van 14,9 persent gebly.


Pryse

Die verskillende inflasiekoerse het betekenisvol van 1986 tot 1987 gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die gunstige uitwerking van wisselkoersbewegings op die pryse van ingevoerde goedere. Boonop is die toename in geadministreerde pryse oor die algemeen op 'n laer vlak as dié van ander pryse gehou. Behuisingskoste, soos vervat in die verbruikersprysindeks, is in toom gehou deur die betreklike lae vlak van rentekoerse.

Die jaar-tot-jaarstyging in die algemene vlak van die verbruikersprysindeks het van 18,6 persent in 1986 tot 16,1 persent in 1987 afgeneem. Die koers van toename in die produksieprysindeks het van 19,6 persent in 1986 tot 13,9 persent in 1987 afgeneem.

Die koers van toename in die verbruikersprysindeks het in die eerste kwartaal van 1988 verder afgeneem. Die kwartaal-tot-kwartaalverandering in die verbruikersprysindeks het teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 16,7 persent en 13,5 persent in onderskeidelik die derde en vierde kwartaal van 1987, tot 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1988 gedaal. Die twaalfmaandekoers van toename in hierdie indeks het van 'n onlangse hoogtepunt van 20,6 persent in Januarie 1986 gedaal tot 14,2 persent in Januarie 1988 waarna dit verder afgeneem het tot 13,7, 13,4 en 13,3 persent in Februarie, Maart en April 1988, onderskeidelik.

Pryse



Die kwartaal-tot-kwartaalverandering in die produksieprysindeks het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,8 persent in die tweede kwartaal van 1987 tot slegs 7,9 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Daarna het dit egter weer tot 12,5 persent in die eerste kwartaal van 1988 versnel. Die twaalfmaandekoers van verandering in die produksieprysindeks het 'n laagtepunt van 11,3 persent in Desember 1987 bereik, maar het gedurende die daaropvolgende drie maande tot 12,0 persent in Maart 1988 toegeneem.


Betalingsbalans

Lopende rekening

Voor seisoensaansuiwering het die oorskot op lopende rekening van die betalingsbalans slegs effens gedaal van R882 miljoen in die vierde kwartaal van 1987 tot R839 miljoen in die eerste kwartaal van 1988. Na seisoensaansuiwering en omskakeling na jaarkoerse, het hierdie matige inkrimping egter van 'n oorskot op die lopende rekening van R6,1 miljard in die vierde kwartaal van 1987 tot 'n tekort van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1988 verander. Hierdie aansienlike daling was aan die gesamentlike uitwerking van 'n groot styging (van ongeveer 20 persent) in die waarde van die goedere-invoer en 'n matige daling (van ongeveer 4 persent) in die waarde van die goedere-uitvoer toe te skryf. Die netto gouduitvoer het redelik betekenisvol gestyg, terwyl 'n klein daling in netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders aangeteken is.

Die matige daling in die goedere-uitvoerverdienste in die eerste kwartaal van 1988 is meer as ten volle aan 'n afname van omtrent 7 persent in die *volume* van die uitvoer toe te skryf. Aansienlike afnames is in die uitvoervolumes van chemiese en landbouprodukte aange-teken. Die totale volume van die goedere-uitvoer in die eerste drie maande van 1988 was ook ongeveer 11 persent laer as die kwartaallikse gemiddelde van hierdie volumes op hul onlangse hoogtepunt in die derde en vierde kwartaal van 1986. Die gemiddelde vlak van uitvoerpryse was in die eerste kwartaal van 1988 egter ongeveer 3 persent hoër as in die laaste kwartaal van 1987, wat 'n weerspieëling was van 'n opmerkbare verdere verstewiging van internasionale kommoditeitspryse en 'n daling in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand. Die *waarde* van die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal van 1988, hoewel laer as in die voorafgaande kwartaal, was ongeveer 4½ persent hoër as sy kwartaallikse gemiddelde in die loop van die voorafgaande jaar.

Betalingsbalans: Saldo op lopende rekening



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljoene

	1987					1988
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw
Goedere-uitvoer	23 882	24 468	24 810	27 424	25 146	26 300
Netto gouduitvoer	18 390	17 043	17 911	17 824	17 792	18 530
Goedere-invoer	-26 409	-27 370	-28 817	-30 684	-28 320	-36 780
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 631	-8 305	-8 424	-8 504	-8 466	-8 460
Saldo op lopende rekening	7 232	5 836	5 480	6 060	6 152	-410

Die skerp styging in die goedere-invoer van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 het eweneens hoofsaaklik 'n verandering – dit wil sê 'n toename – in die invoervolume weerspieël, wat klaarblyklik met die opmerklike verdere verstewiging van reële binnelandse besteding verband gehou het. In die eerste kwartaal van 1988 was die totale invoer volumegegewys omtrent 36 persent hoër as die kwartaal-likse gemiddelde op die laer draaipunt in die invoersiklus in die eerste en tweede kwartaal van 1986. Die gemiddelde vlak van invoerpryse het van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 slegs marginaal gestyg, dit wil sê, met effens minder as 1 persent. Hierdie stadige koers van toename in invoerpryse was toe te skryf aan die voortgesette relatief lae inflasiekoerse in handelsvennootlande en aan 'n skerp verswakking van oliepryse op die internasionale markte, wat slegs gedeeltelik deur die daling in die wisselkoers van die rand in die eerste kwartaal geneutraliseer is.

Toenames is in die eerste kwartaal van 1988 in al die belangrikste kategorieë van die goedere-invoer aange- teken. Opmerklike groot toenames is egter in die invoer van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoe- rusting en mineraalprodukte in die besonder aange- teken.

Die toename in die netto gouduitvoer van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 het

4 persent bedra. Dit was geheel en al toe te skryf aan 'n toename in die volume van die gouduitvoer. Die gemid- delde vasstellingsprys van goud het van VSA \$473 (R943) per fyn ons in die vierde kwartaal van 1987 tot VSA \$454 (R932) in die eerste kwartaal van 1988 terug- gesak. In April 1988 het die gemiddelde dollarprys van goud effens verder tot VSA \$452 per fyn ons gedaal. As gevolg van die depresiasie van die rand teenoor die dollar het die gemiddelde randprys van goud egter tot R968 per fyn ons gedurende die maand gestyg. Op 17 Mei het die randprys van goud per fyn ons vir die eerste keer sedert vroeg in September 1986 deur die R1 000- merk gebreek.

Netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 met 1/2 persent gedaal. Hierdie daling was die gevolg van 'n toename van meer as 4 persent in dienste-ontvangste van nie-inwoners, wat die toe- name van 1 1/2 persent in dienste-betalings meer as geneutraliseer het.

Kapitaalrekening en buitelandse skuld


Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reser- wes nie, het van R1,8 miljard in die vierde kwartaal van 1987 tot R0,7 miljard in die eerste kwartaal van 1988 afgeneem. Aansienlike dalings is in die uitvloeiing van sowel langtermyn- as korttermynkapitaal aangeteken. Uitvloeiings van langtermynkapitaal het van R0,7 mil- jard in die vierde kwartaal van 1987 tot R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1988 afgeneem. Die uitvloeiing van korttermynkapitaal het van R1,1 miljard tot R0,4 miljard gedurende hierdie tydperk gedaal.

Die dalings in hierdie uitvloeiings van kapitaal nie verwant aan reserwes nie kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat geen enkelbedragterugbetalings op die totale verstreke uitstaande skuld binne die "stilstandnet" in die eerste kwartaal van 1988 gemaak is nie. Terugbetalings kragtens die Tweede Tussen- tydse Reëlings met buitelandse krediteurbanke in die eerste drie maande van 1988 was dus beperk tot die klein terugbetalings wat op individuele skuld gemaak is soos dit verval het. Hierbenewens was die kleiner uit- vloeiing van korttermynkapitaal 'n aanduiding van 'n vermindering van die mate waarin daar van buitelandse na binnelandse bronne van finansiering omgeskakel is.

Openbare Korporasies was in al vier kwartale van 1987 netto invoerders van kapitaal wat in totaal R817 miljoen bedra het. Gedurende die eerste kwartaal van 1988 het hulle egter 'n netto uitvloeiing van kapitaal van R140 miljoen getoon. Dit het hoofsaaklik uit skuld- vereffenings buite die stilstandnet in die vorm van toon- dereffekte bestaan.

Netto verkope deur nie-inwoners van genoteerde ef- fekte op die Johannesburgse Effektebeurs, het in die eerste kwartaal van 1988 R35 miljoen bedra, teenoor die netto aankope van R73 miljoen in die vierde

Reële goedere-invoer, -uitvoer en netto gouduitvoer



kwartaal van 1987.

Laste verwant aan reserwes het in die eerste kwartaal van 1988 effens met R13 miljoen gedaal, nadat 'n invloed van R248 miljoen in die voorafgaande kwartaal aangeteken is.

Aansienlike terugbetalings op buitelandse skuld in die loop van die kalenderjaar 1987 kon nie daarin slaag om die totale uitstaande bedrag van Suid-Afrika se buitelandse skuld in *dollarterme*, wat aan die einde van sowel 1987 as 1986 \$22,6 miljard bedra het, te verlaag nie. Dit was die resultaat van die skerp depresiasie van die VSA-dollar in 1987 teenoor al die ander belangrike geldeenheide. Skuldterugbetalings en die appresiasie van die rand teenoor die dollar het egter veroorsaak dat die uitstaande buitelandse skuld, in terme van rand, van soveel as R65,8 miljard aan die einde van Augustus 1985 tot R49,5 miljard aan die einde van die kalenderjaar 1986, en tot R43,6 miljard aan die einde van die kalenderjaar 1987 verminder het. In verhouding tot die totale waarde van die uitvoer van goedere en dienste, was hierdie daling van 156 persent van die totale uitvoerverdiens in die kalenderjaar 1985 tot 108 persent in 1986 en tot 93 persent in 1987.

Buitelandse reserwes

Die verbeterde posisie van die kapitaalrekening tesame met die bykans onveranderde oorskot (voor seisoens-aansuiwering) op lopende rekening, het tot gevolg gehad dat die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes met R258 miljoen in die eerste kwartaal van 1988 toegeneem het na 'n daling van R617 miljoen in die vierde kwartaal van 1987. In April het die totale reserwes van die Reserwebank egter met R219 miljoen gedaal, maar in Mei het dit weer met R314 miljoen ge-

styg. Die goudbesit van die Reserwebank het matig van 5,83 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1987 tot 5,86 miljoen fyn onse aan die einde van Maart 1988 gestyg, voordat dit tot 5,39 miljoen fyn onse aan die einde van Mei gedaal het.

Wisselkoerse

Na 'n marginale toename van 0,1 persent in die vierde kwartaal van 1987, het die effektiewe wisselkoers van die rand aansienlik met 10,3 persent van die einde van Desember 1987 tot einde Mei 1988 gedaal. Afnames is teenoor al die vernaamste geldeenheide aangeteken, maar het soveel as 12,8 en 13,7 persent onderskeidelik teenoor sterling en die VSA-dollar bedra. Hierdie verswakking van die rand was hoofsaaklik die gevolg van die agteruitgang van die Suid-Afrikaanse handelsbalans en die laer goudprys.

Verandering in die wisselkoerse van die rand %


	30 Sept 1987 tot 31 Des 1987	31 Des 1987 tot 31 Mei 1988
Geweegde gemiddelde .	0,1	-10,3
VSA-dollar	7,6	-13,7
Britse pond	-6,4	-12,8
Duitse mark	-7,3	-6,8
Switserse frank	-9,8	-2,7
Japanse jen	-9,9	-11,9
Franse frank	-5,8	-7,3
Finansiële rand	7,1	5,1

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1987					1988
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-9	-217	-60	-243	-529	-28
Openbare korporasies	347	348	107	15	817	-140
Banksektor	38	-60	94	18	90	19
Private sektor:						
Netto aankope van genoteerde aandele deur nie-inwoners	-209	-546	-531	73	-1 213	-35
Ander kapitaal	18	-278	-19	-584	-863	-107
Totale langtermynkapitaal	185	-753	-409	-721	-1 698	-291
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	222	-173	-370	-1 050	-1 371	-386
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	407	-926	-779	-1 771	-3 069	-677
Verandering in laste verwant aan reserwes	-627	-362	-426	248	-1 167	-13

Wisselkoerse van die rand




Nadat die finansiële rand met bykans 50 persent teenoor die VSA-dollar in 1987 geappresieer het, het dit met 'n verdere 15½ persent tot 18 Maart 1988 verstewig, om sodoende sy hoogste vlak sedert vroeg in Maart 1986 te bereik. Die dollarwaarde van die finansiële rand het op 18 Maart 1988 'n diskonto van 20,2 persent teenoor die kommersiële rand verteenwoordig. Nuus van voorgenome disinvestering deur buitelandse maatskappye het tot die verswakking van die finansiële rand met 9,0 persent tot 31 Mei 1988 bygedra. Gedurende die grootste deel van die tydperk sedert die einde van 1987 het die finansiële-randdiskonto gewoonlik rondom 25 persent geskommel, vergeleke met gemiddelde diskonto's van meer as 40 persent in die loop van 1986 en 1987.

Finansiële markte

Geldvoorraad


Die kwartaal-tot-kwartaalkoers van toename in M3 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse het van slegs 5,0 persent in die eerste kwartaal van 1987 tot 16,1 en 15,9 persent in die tweede en derde kwartaal gestyg. Daarna het dit aansienlik verder versnel tot 26,1 persent en 23,5 persent in onderskeidelik die vierde kwartaal van 1987 en die eerste kwartaal van 1988. Die toename in die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van M3 van die begin van die 1988-mikpuntjaar (middel November 1987) tot aan die einde van Maart 1988 het soveel as 29,5 persent beloop. Voorlopige gegewens vir April 1988 dui egter op 'n opmerklike afname in M3.

Geldvoorraad



Aan die einde van Februarie 1988 het M3 die boonste grens van die mikpunttonnel met R57 miljoen, of met 'n geringe 0,06 persent, oorskry. Die M3-waarde vir Maart 1988 het egter die boonste grens van die mikpunttonnel met soveel as R3,0 miljard, of 3,1 persent, oorskry. Hierteenoor het die voorlopig-geraamde afname in M3 (seisoensaangesuiwerd) van sowat R1,7 miljard gedurende April 1988 die mate waartoe M3 die boonste grens van die mikpunttonnel oorskry tot ongeveer R250 miljoen, of 0,3 persent, verminder.

Mikpunte vir groei in M3



Die skerp versnelling in die groeikoers van die M3-geldvoorraad vanaf September 1987 regdeur die vierde kwartaal van 1987 en die eerste kwartaal van 1988, was 'n weerspieëling van die stygende vraag na geld en krediet wat uit die verdere versterking in binnelandse vraag en ekonomiese bedrywigheid voortgespruit het, tesame met die uitskakeling van of ommekeer in verskillende faktore (soos die stygende aandelemark en die verbreding in die uitleenkoers-/depositokoersmarge van die banke) wat in 1986 en vroeg in 1987 disintermediasie teweeggebring het. Besitters van fondse het ook 'n groter voorkeur vir depositobeleggings met 'n vaste waarde teenoor beleggings in markinstrumente met 'n onseker waarde getoon in die lig van die verhoogde rentekoersonsekerheid en die duidelike neiging tot hoër rentekoerse. Verskillende faktore van 'n meer tydelike aard het egter waarskynlik ook tot die ongewone skerp styging in M3 gedurende Maart 1988 bygedra. Daaronder tel moontlik die aanpassing van sekere balansstaatgewens deur banke met die oog op verslae van hulle finansiële posisies op die kwartaal- en finansiële-jaareinde, en markdeelnemers se voorbereiding vir die betaling van groot hoeveelhede staats-effekte in April, wat gedurende Maart deur die Reserwebank in die opemark verkoop is.

Die hoë groeikoers in die kwartaallike gemiddelde van M3 van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 het die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse tussen hierdie twee kwartale oorskry en was gedeeltelik 'n weerspieëling van "herintermediasie"-verskynsels (dit wil sê 'n terugkeer tot bank-geïntermedieerde krediet as plaasvervanger vir krediet wat voorheen direk deur nie-bank-uitleeners aan nie-bank-leners verskaf is). Die skerp styging in M3 het gevolglik die omloopsnelheid van M3 met 1,0 persent van die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 laat afneem. M3 se omloopsnelheid in die eerste kwartaal van 1988, teen 1,920, was omtrent 2,1 persent laer as sy onlangse hoogtepunt van 1,961 in die eerste kwartaal van 1987.

Die koers van toename oor twaalf maande van M3 het aan die einde van Maart 1988 22,4 persent beloop. Die ooreenstemmende koerse van toename oor twaalf maande vir M1A, M1 en M2 het onderskeidelik 25,4 persent, 36,3 persent en 31,5 persent beloop. Geldvoorraadgroei gedurende die eerste kwartaal van 1988 was in die nie-M1A-komponente van M1 en M2 gekonsentreer, dit wil sê in onmiddellik opeisbare deposito's, uitgesonderd tjek- en transmissiedeposito's, en in ander kort- en middeltermyn deposito's met onverstreke looptye van hoogstens ses maande. 'n Relatiewe verskuiwing deur beleggers na die korter kant van die depositolooptydspektrum is 'n algemene verskynsel gedurende tydperke van stygende rentekoerse en verwagte verdere rentekoerstoenames.

Die belangrikste statistiese teenhanger van die styging van nagenoeg R6,4 miljard in M3 gedurende die eerste kwartaal van 1988 was 'n toename van R6,9 miljard in binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings. Die netto goud- en ander buitelandse reserwebesit van monetêre instellings het met 'n beskeie R0,1 miljard gestyg.

Binnelandse kredietverlening

Die aansienlik hoër koerse van toename in banke en ander monetêre instellings se kredietverlening aan die private sektor in die vierde kwartaal van 1987, is in die eerste kwartaal van 1988 voortgesit. Dit kan verklaar word deur die verdere toenames in binnelandse besteding en ekonomiese bedrywigheid; aansienlik hoër vlakke van die goedere-invoer en voorraadopbouing; "herintermediasie"-verskynsels; en monetêre instellings se aggressiewe bemarking van hulle kredietfasiliteite in die algemeen en van sekere innovasies in hulle kredietprodukte.

Die seisoensonaangesuiwerde toename in monetêre instellings se eise teen die private sektor van die einde van 1987 tot aan die einde van die eerste kwartaal van 1988 het meer as R5,9 miljard bedra. Dit kan vergelyk word met 'n toename in die eerste kwartaal


van 1987 van slegs R1,4 miljard. Die toenemende gebruik van bankkrediet deur huishoudings vir die finansiering van die aankoop van duursame goedere en die stygende vaste investeringsbesteding van sake-ondernemings, is gedurende die eerste kwartaal van 1988 weerspieël in 'n toename van R0,9 miljard in huurkoop- en bruikhuurfinansiering teenoor 'n toename van slegs R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1987.

Banke se besit aan verdiskonteerde wissels, deposito's en beleggings het gedurende die eerste kwartaal van 1988 weinig verander. Hierteenoor het banke se "ander" lenings en voorskotte gedurende hierdie tydperk met soveel as R4,3 miljard gestyg. Hierdie syfer sluit 'n toename van R1 046 miljoen, of 11,3 persent, in verbandvoorskotte deur bankinstellings in. In teenstelling hiermee het verbandvoorskotte deur bouverenigings gedurende die betrokke drie maande met 'n relatief beskeie R675 miljoen, of 2,6 persent, toegeneem.

Die koers van toename oor twaalf maande in bankinstellings se eise teen die private sektor het van 'n onderste draaipunt van slegs 1,7 persent in Februarie 1987 tot 26,3 persent in Maart 1988 gestyg. Die koers van toename oor twaalf maande in alle monetêre instellings se eise teen die private sektor het van 'n onderste draaipunt van 5,7 persent in Februarie 1987 tot 20,7 persent in Maart 1988 versnel.

Aansienlike skommelings is steeds van maand tot maand deur monetêre instellings se netto eise teen die overheidsektor getoon. Voor seisoensaansuiwering het die toename in hierdie eise gedurende die eerste kwar-

Binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings




taal van 1988 op R932 miljoen te staan gekom. Die koers van toename oor twaalf maande in hierdie eise het aan die einde van Maart 1988 'n betreklik aansienlike 23,0 persent beloop.

Reserwebankoptrede in die geldmark

Die vernouing van geldmarktoestande wat vanaf laat November 1987 begin intree het, het in die eerste vyf maande van 1988 voortgeduur. Die gemiddelde vlak

Toename in verbandvoorskotte van banke en bouverenigings



Verandering in eise teen die private sektor van monetêre instellings

Kwartaal-tot-kwartaal-persentasieveranderings in kwartaallike gemiddeldes
(Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse)

	Eise teen die private sektor	
	Bankstelsel	Alle monetêre instellings
	%	%
1987: 1e kwartaal	13,7	11,7
2e kwartaal	2,5	9,3
3e kwartaal	13,1	14,6
4e kwartaal	36,2	22,3
1988: 1e kwartaal	32,7	26,1

van akkommodasie wat deur die Reserwebank by die diskontovenster verleen is, het van R149 miljoen gedurende die kalenderjaar 1987 tot meer as R400 miljoen in die eerste kwartaal van 1988 gestyg. In ooreenstemming met die normale seisoenale verruiming van die mark in die tweede kwartaal van die kalenderjaar het die gemiddelde bedrag van akkommodasie by die diskontovenster egter gedurende April aansienlik teruggesak tot R214 miljoen. In Mei het dit weens verskeie redes weer tot R460 miljoen gestyg.

Die Reserwebank se spesiale bystand oor die maand-einde aan die mark, anders as by die diskontovenster, het aan die einde van Maart uit terugkoop-ooreenkomste ten bedrae van R700 miljoen plus R175 miljoen in die vorm van tenderfondse van die Korporasie vir Openbare Deposito's (KOD) bestaan. *Omgekeerde* terugkoop-ooreenkomste is deur die Bank gebruik in die snel-verruimende geldmarktoestande wat in die eerste helfte van April voorgekom het. Aan die einde van April is akkommodasie egter weer deur die Bank verleen in die vorm van terugkoop-ooreenkomste ten bedrae van R300 miljoen en herfinansiering by die diskontovenster van R614 miljoen.

Die Bankkoers is vir die tweede keer in 1988 verhoog as deel van 'n vraagbeperkende pakket van fiskale, monetêre en kredietmaatreëls wat op 4 Mei 1988 aangekondig is. In sy verklaring wat die Bankkoersverhoging vergesel het, het die Reserwebank dit duidelik gemaak dat hy normaalweg sal verwag dat die geldmarktekort by die diskontovenster geakkommodeer moet word en dat dit daardeur aan die volle dissipline van die Bank se herfinansieringsbeleid onderworpe sal wees: bystand aan die geldmark anders as by die diskontovenster sal voortaan beperk word tot die uitskakeling van oormatige stram maandeinde- of ander seisoenale geldmarktoestande. Daarbenewens sal strafkoerse van toepassing wees op akkommodasie wat onder uitsonderlike omstandighede aan banke by die diskontovenster teen sekerheid van nie-likwiede instrumente voorsien sal word.

In ooreenstemming met hierdie strenger benadering van die Bank ten opsigte van sy akkommodasieprosedures en die minder akkommoderende stand van sy monetêre beleid in die algemeen, is geen bystand in die vorm van terugkoop-ooreenkomste of tenderfondse van die KOD oor die maandeinde van Mei aan die geldmark beskikbaar gestel nie. Herfinansieringsakkommodasie by die diskontovenster het aan die einde van Mei die betreklik aansienlike bedrag van R739 miljoen bereik.

In sy transaksies in staatseffekte gedurende die eerste kwartaal van 1988, was die Bank per saldo 'n netto *koper* van staatseffekte op klein skaal. Die Bank se netto verkope van staatseffekte het egter in April die baie hoë vlak van R2 363 miljoen bereik. Dit is gevolg deur verdere netto verkope in Mei ten bedrae van R1 542 miljoen.


Geldmarkrentekoerse

Geldmarkrentekoerse wat vanaf laat in November 1987 begin verstewig het, het regdeur die grootste gedeelte van die eerste vyf maande van 1988 so voortgegaan. Die koers op likwiede bankaksepte van drie maande het van 9,00 persent aan die einde van November tot 10,45 persent aan die einde van Februarie en tot ongeveer 10,75 persent gedurende die eerste week van Maart gestyg. Na die verhoging in die Bankkoers van $9\frac{1}{2}$ tot $10\frac{1}{2}$ persent vanaf 9 Maart, het die bankaksepkoers verder tot 11,0 persent aan die einde van daardie maand gestyg.

Na 'n kort tydperk van betreklike stabiliteit in rentekoerse, het verskeie faktore – insluitende die vernouing van die Suid-Afrikaanse buitelandse handelsoorskot, die sterkte van binnelandse monetêre vraag, die vinnig stygende bankkrediet en verwagtings wat as gevolg van die hoër-as-die-mikpunt-groeikoers van die geldvoorraad ontstaan het – hernieuwe opwaartse druk op die vlak van markrentekoerse veroorsaak. Met die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir likwiede bankaksepte steeds op 10,8 persent, het die markkoers op sodanige aksepte in die tweede helfte van April 11 persent oorskry en aan die einde van die maand 11,85 persent bereik.

Markrentekoerse het aanvanklik kort na die verhoging in die Bankkoers (van $10\frac{1}{2}$ tot $11\frac{1}{2}$ persent) op 5 Mei 1988 verder verstewig in die lig van die Reserwebank se meegaande verklaring wat sy benadering ten opsigte van sy opemarkbeleid en sy beleid ten opsigte van akkommodasie by die diskontovenster uiteengesit het.

Korttermynrentekoerse



Die koers op likwiede bankaksepte het op 19 Mei 12,75 persent bereik. 'n Toenemende gevoel dat die druk van die binnelandse vraag moontlik nie werklik so sterk mag wees as wat deur die toename in geld en krediet gedurende die eerste kwartaal van 1988, sowel as deur ander faktore, te kenne gegee wou word nie, het daarna tot gevolg gehad dat die koers op likwiede bankaksepte weer effens tot 12,5 persent op 27 Mei en tot 12,25 persent op 8 Junie gedaal het.

Na die verhoging in die Bankkoers op 5 Mei 1988, het die verrekeningsbanke hulle prima-uitleenkoers van 14 tot 15 persent verhoog. Die markkoers op *nie-likwiede* bankaksepte het op 17 Mei 13,70 persent en op 8 Junie 13,30 persent bereik. Die marge tussen hierdie koers en die koers op *likwiede* bankaksepte van drie maande het op 14 Mei en 8 Junie onderskeidelik 1,35 persent en 1,05 persent beloop. Die gemiddelde marge tussen die koerse op *nie-likwiede* en *likwiede* bankaksepte het gedurende die loop van 1987 slegs 0,17 persent beloop. Die verbreding in hierdie marge in Mei 1988 in die besonder, was die gevolg van die banke se betreklik beperkte besit aan statutêre likwiede bates in samehang met die Reserwebank se nuut-uiteengesette benadering om strafkoerse te vra aan banke wat om akkommodasie by die diskontovenster teen die sekerheid van *nie-likwiede* instrumente mag aansoek doen. Daarbenewens is dit moontlik dat die algemene beskikbaarheid van statutêre likwiede bates verder verminder mag word as banke se voorskotte aan die Landbank en 'n gedeelte van die uitstaande Landbankwissels hulle status as likwiede bates vir doeleindes van die Bankwet mag verloor soos wat later in 1988 kan plaasvind.


Kapitaalmarkbedrywigheid

Handelsbedrywigheid in die kapitaalmark het effens herstel in die eerste kwartaal van 1988 ná die skerp afname in die vierde kwartaal van 1987. Dit is weerspieël in die verhoogde omset in effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs genoteer is en in 'n verdere verbetering in die handelsbedrywigheid in die vaste-eiendomsmark. Verdere dalings is egter in die omset en pryse van aandele wat op die effektebeurs genoteer is, aangeteken.


Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het van R34,5 miljard in die vierde kwartaal van 1987 tot R48,6 miljard in die eerste kwartaal van 1988 gestyg. Die waarde van vaste-eiendomstransaksies het van R4,4 miljard in die vierde kwartaal van 1987 tot R4,8 miljard in die eerste drie maande van 1988 toegeneem.

Die waarde van aandele wat op die effektebeurs verhandel is, het opmerklik van die rekordvlak van R5,9 miljard in die derde kwartaal van 1987 tot R4,6 miljard in die vierde kwartaal afgeneem en verder tot R2,4 miljard in die eerste kwartaal van 1988 gedaal. Hierdie af-

Effektebeurstransaksies



Aandelepryse en effektebeurstransaksies



name in aandeleomset het gepaard gegaan met 'n verdere daling in aandelepryse. Na die daling van 33 persent in aandelepryse wat in die vierde kwartaal van 1987 voorgekom het, het die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele verder afgeneem met 10 persent in die eerste kwartaal van 1988. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die stygende neiging in rentekoerse en die onsekerheid aangaande toekomstige bewegings in die pryse van edelmetale en die wisselkoers van die rand. Die gemiddelde prysvlak van mynaandele het gedurende laasgenoemde kwartaal met soveel as 23 persent teruggesak.

In die primêre markte is 'n netto *terugbetaling* van R1 631 miljoen in effekte van die openbare sektor aan banke en private nie-bank beleggers in die eerste kwartaal van 1988 gemaak, vergeleke met 'n netto uitgifte van hierdie effekte ten bedrae van R401 miljoen in die vierde kwartaal van 1987. Maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het in die eerste kwartaal van 1988 R155 miljoen by wyse van nuwe uitgiftes van gewone aandele verkry, vergeleke met R545 miljoen in die vierde kwartaal van 1987. Hierdie maatskappye het vaste-rentedraende effekte ten bedrae van slegs R60 miljoen in die eerste kwartaal van 1988 uitgereik, teenoor die bedrag van R217 miljoen in die voorafgaande drie maande.

Volgehoue vraag het bouverenigings in staat gestel om hul verbandfinansiering in die vierde kwartaal van 1987 op ongeveer die vlak van die derde kwartaal, naamlik R2,3 miljard, te handhaaf. Gedurende die eerste kwartaal van 1988 het verbandlenings wat deur bouverenigings uitbetaal is, egter slegs R2,0 miljard bedra. In teenstelling hiermee het verbandfinansiering deur die grootste banke wat op hierdie gebied aktief is, in die eerste kwartaal van 1988 skerp toegeneem. Banke se totale besit aan huisverbandlenings het met R1,2 miljard in hierdie driemaandetydperk vermeerder, vergeleke met 'n styging van R2,1 miljard gedurende 1987 in sy geheel. Die ooreenstemmende bedrae vir bouverenigings was R0,7 miljard en R3,9 miljard onderskeidelik.

Langtermynrente- en opbrengskoerse

Langtermynrentekoerse het in die eerste kwartaal van 1988 verstewig ten spyte van 'n afwaartse neiging in die inflasiekoers in terme van verbruikerspryse en die beperkte begrotingsfinansieringsbehoefte van die Sentrale Regering. Opwaartse druk op langtermynrente- en opbrengskoerse is deur stygende korttermynrentekoerse en die teleurstellende vertoning van die dollarprys van goud, veral in Februarie, veroorsaak. Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatsseffekte het van 15,5 persent in Desember 1987 tot 16,1 persent in Januarie 1988, 16,5 persent in Februarie en 16,6 persent in Maart, gestyg. Daarna het dit egter effens gedaal tot 16,5 persent in April 1988.

As 'n weerspieëling van die skerp daling in aandelepryse het die gemiddelde maandelikse dividendopbrengs van alle klasse aandele van 3,6 persent in September 1987 en 5,1 persent in Desember tot 5,7 persent in Maart en April 1988 gestyg.

In navolging van die styging in die Bankkoers op 9 Maart 1988 het die oorheersende verbandkoers van die bouverenigings van 12,5 persent in Desember 1987 tot 14,0 persent in 1988 gestyg. Na die verdere bankkoersstyging op 5 Mei is hierdie koers tot 15,0 persent verhoog.

Die oorheersende rentekoers op deposito's van twaalf maande wat in Julie 1987 tot 10,75 persent deur bouverenigings en tot 10,5 persent deur banke verhoog is, is op dieselfde vlakke in die daaropvolgende maande gehandhaaf. In Januarie 1988 het banke egter ook hul rentekoers op deposito's van twaalf maande tot 10,75 persent verhoog. Die bouverenigings het vervolgens hul koerse op hierdie deposito's in Februarie 1988 tot 'n vlak van 10,75 tot 11,25 persent en weer in Maart tot 'n vlak van 11,00 tot 11,60 persent, verhoog. In navolging van die styging in die Bankkoers op 5 Mei 1988, het banke sowel as bouverenigings hul oorheersende koers op deposito's van twaalf maande tot 11,5 persent verhoog.

Staatsfinansies

Algemene owerheid se inkomste, besteding en besparing

Die koers van toename in totale lopende inkomste van die algemene owerheid het matig versnel van 15,6 persent in die fiskale jaar 1986/87 tot 16,4 persent in die fiskale jaar 1987/88. Die koers van toename in die totale lopende owerheidsuitgawes het beduidend gedaal van 19,3 persent in die fiskale jaar 1986/87 tot 15,6 persent in die fiskale jaar 1987/88. *Netto ontsparring* deur die algemene owerheid was nietemin groter in die fiskale jaar 1987/88 as in die voorafgaande jaar. *Bruto besparing* deur die algemene owerheid – dit wil sê die oorskot (of tekort) van lopende inkomste teenoor lopende uitgawes voor voorsiening vir waardevermindering teen vervangingswaarde van die vaste kapitaalvoorraad van owerheidsondernemings – het egter merkbaar toegeneem in die fiskale jaar 1987/88, nadat 'n beduidende afname in die fiskale jaar 1986/87 aangeteken is.

Die toename in lopende uitgawes deur die algemene owerheid in die fiskale jaar 1987/88 is hoofsaaklik deur 'n toename van 21,2 persent in verbruiksbesteding veroorsaak. Vergeleke met die ooreenstemmende kwartale van die fiskale jaar 1986/87 het die toenames in owerheidsverbruiksbesteding in die fiskale jaar 1987/88 onderskeidelik 18,7 persent, 19,1 persent, 25,5 persent en 21,8 persent in die vier opeenvolgende kwartale bedra.



Die totale lopende inkomste van die algemene owerheid het van die finale kwartaal van die fiskale jaar 1986/87 tot die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1987/88 met 21,8 persent toegeneem. Die belangrikste faktor wat tot hierdie toename bygedra het, was 'n styging van 23,4 persent in indirekte belastinge, wat 'n weerspieëling van die stygende vlakke van binnelandse monetêre vraag is. In verhouding tot die ooreenstemmende kwartale van 1986/87, het die totale lopende inkomste in die eerste, tweede en derde kwartale van die fiskale jaar 1987/88 met 8,3, 25,2 en 7,8 persent toegeneem.

Die algemene owerheid se totale uitgawes op finale goedere en dienste (bestaande uit verbruiks- sowel as investeringsbesteding) was 21,5 persent hoër in die fiskale jaar 1987/88 as in die voorafgaande fiskale jaar. Uitgawes in verhouding tot die bruto binnelandse produk het egter slegs 'n klein toename van 21,6 persent in die fiskale jaar 1986/87 tot 22,4 persent in die fiskale jaar 1987/88 getoon.

Skatkisuitreikings

Die Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (ná die gebruikelike aansuiwering vir veranderings in die saldo

Skatkisrekening



op die Betaalmeester-generaalrekening) het, vergeleke met die ooreenstemmende kwartale van die voorafgaande jaar, 'n merkbare afname van 22,4 persent gedurende die Desember-kwartaal van 1987 tot 14,8 persent gedurende die Maart-kwartaal van 1988 getoon.

Op 'n vergelykbare basis met die Begrotingsramings van Junie 1987, wat 'n toename van 16,2 persent in staatsbesteding vir die fiskale jaar 1987/88 voorsien het, was die werklike toename in Skatkisuitreikings gedurende die fiskale jaar 1987/88 18,7 persent. Dié toename verteenwoordig 'n reële toename van ongeveer 4,6 persent.

Vir April 1988, dit wil sê die eerste maand van die fiskale jaar 1988/89, het Skatkisuitreikings (ná die gebruikelike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) 'n afname van 1,6 persent teenoor April 1987 getoon. Dit kan vergelyk word met 'n begrote toename van 12,6 persent vir die fiskale jaar in sy geheel.

Skatkisontvangste

Skatkisontvangste gedurende die Maart-kwartaal van 1988 het 'n toename van slegs 6,0 persent teenoor die ooreenstemmende kwartaal van 1987 getoon. Die klein omvang van hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n 22,5 persent afname in die totale ontvangste vanaf die goudmynindustrie en van 'n aanmerklike afname in die oordrag van fondse vanaf die Sentrale Energiefonds na die Skatkisrekening. Indien die oordrag van fondse vanaf die Sentrale Energiefonds uitgesluit word, het Skatkisontvangste tussen die Maart-kwartale van 1987 en 1988 met 15,2 persent toeneem.

Op 'n vergelykbare basis met die begrotingsramings van Junie 1987, wat 'n toename van 12,6 persent in ontvangste vir die fiskale jaar 1987/88 voorsien het, het die werklike Skatkisontvangste in 1987/88 die ontvangste van die voorafgaande fiskale jaar met 11,1 persent oorskry.

In April 1988 het die Skatkisontvangste die vlak van 'n jaar tevore met 31,8 persent oorskry. Dit was heelwat meer as die begrote groeikoers van 16,3 persent vir die fiskale jaar in sy geheel.

Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossing in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1987/88 beloop R3 168 miljoen of R2 073 miljoen meer as in die ooreenstemmende kwartaal van die vorige fiskale jaar. Dit het tot gevolg gehad dat die tekort voor lenings en skuldaflossing in die fiskale jaar 1987/88 in sy geheel (uitsluitende die diskonto op nuwe staatseffekte van R887 miljoen) R9 668 miljoen bedra het. Dit is R3 366 miljoen meer

as die tekort in die fiskale jaar 1986/87. Die tekort van die fiskale jaar 1987/88 is uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse	
Staatseffekte	5 336
Skatkisswells	-1 628
Nie-bank private sektor	3 638
Banksektor	
Korporasie vir Openbare Deposito's	4 029
Ander banke	-728
Buitelandse sektor	-92
	10 555
Min: diskonto op staatseffekte	887
Totale finansiering	9 668

In April 1988 het die tekort voor lenings en skuldaflossing R1 814 miljoen bedra, vergeleke met 'n begrote tekort van R10 014 miljoen vir die fiskale jaar 1988/89 in sy geheel. Alhoewel die aangetekende tekort groter was as die begrote gemiddelde maandelikse syfer, was dit R764 miljoen minder as in April 1987, wat 'n afname van 30 persent verteenwoordig.

Inflasie onder die loep

Deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Vordering in die debat oor inflasie

Die debat in Suid-Afrika oor inflasie bly aktueel en duur voort. In hierdie debat is daar die afgelope jare goeie vordering gemaak. Daar is veral twee sake waaroor daar groter duidelikheid gekom het en 'n redelike mate van konsensus bereik is:

Inflasie 'n euwel wat bekamp moet word

Die eerste is die besef dat inflasie 'n euwel is en dat inflasiebekamping 'n hoë prioriteit in amptelike ekonomiese beleid verdien. Hierdie siening was nie altyd so algemeen onderskryf soos vandag nie. Daar was 'n tyd toe baie ekonome, sakemanne en politici die standpunt toegedaan was dat matige inflasie bevorderlik is vir ekonomiese groei en nooit gedemp behoort te word indien dit, selfs tydelik, 'n laer groeikoers sou beteken nie. "Liewers inflasie met groei as prysstabiliteit sonder groei", het die argument gelui.

In daardie dae het die Minister van Finansies en die Reserwebank moeite gehad om mense te oortuig dat inflasie nadelig vir die ekonomie is en op die lang termyn ook ekonomiese groei ondermyn. Daar is dikwels geredeneer: "Wat maak dit nou saak of die pryspeil met nul of 5 of 10 of 20 of 30 persent per jaar styg, solank my salaris of loon of ander inkomste met dieselfde of 'n groter persentasie styg?" Vandag word dit egter taamlik algemeen aanvaar dat inflasie op die duur reële ekonomiese groei benadeel, onder andere omdat dit tot waninvestering en die ondoeltreffende toewysing van skaars arbeid en ander hulpbronne lei, besparing ontmoedig en spekulasie aanmoedig. Dit word ook beter verstaan dat inflasie via die betalingsbalans druk op wisselkoerse en/of die goud- en valuta-reserwes kan meebring, en ook tot 'n onregverdigte herverdeling van inkomste lei en veral sekere groepe soos pensioentrekkers ernstig benadeel.

Groter konsensus oor die oorsake van inflasie

Die tweede saak waaroor daar vandag groter duidelikheid en konsensus in Suid-Afrika bestaan, is die *oorsake* van inflasie. In een stadium was dit opvallend hoe ekonome en andere oor hierdie onderwerp bymekaar verby gepraat het. Die debat het veral daaroor gegaan of inflasie veroorsaak word deur oormatige geldskepping en besteding ("vraagtrek") of deur sogenaamde "strukturele" en/of "kostedruk"- faktore.

Alhoewel daar nog nie eenstemmigheid oor hierdie saak bestaan nie, heers daar tog vandag 'n redelike mate van konsensus dat inflasie normaalweg veroorsaak word deur 'n *wisselwerking* tussen oormatige vraag en "strukturele" en/of kostedrukfaktore. Laasgenoemde "strukturele" en kostedrukinvloede sluit in *outonome* stygings in lone en salarisse (dit wil sê stygings wat *nie* deur toenames in óf monetêre vraag óf pryse veroorsaak word nie maar deur ander faktore soos druk deur vakbonde, sosio-politieke oorwegings, ens.), onvoldoende mededinging, inflasieverwagtings en die neiging tot feitlike "indeksering" van lone aan die verbruikersprysindeks. Hierdie faktore verleen 'n inflasionistiese sydigheid aan die ekonomie wat by geleentheid sterk druk op die monetêre owerhede uitoefen om prysverhogings te "akkommodeer" of te "bekragtig" deur middel van groot toenames in Reserwebankkrediet en in die geldvoorraad.

Inflasie nie 'n sinoniem vir verarming of 'n versamelwoord vir alle ekonomiese probleme nie

Hierdie vordering in die debat oor inflasie moet verwelkom word. Dit is goed dat daar nou 'n groter mate van konsensus oor die nadele en oorsake van inflasie bestaan. Maar omdat dit belangrike beleidsimplikasies het, wil ek tog waarsku teen 'n nuwe dwaling of denkfout wat plek-plek sy kop uitsteek. Dit is die neiging om die woord "inflasie" as 'n sinoniem vir "verarming" en/of as 'n versamelwoord vir alle ekonomiese probleme te gebruik.

"Inflasie" is nie dieselfde as "verarming" nie. Inflasie verarm slegs diegene wie se nominale inkomste nie met die styging in die pryspeil tred hou nie. Ander mense en sektore kan deur inflasie bevoordeel word. Soos ander lande het Suid-Afrika dan ook al dikwels tydperke van (vir ons) betreklik hoë inflasie ondervind *wat deur groot voorspoed en 'n aansienlike styging in die gemiddelde reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking gekenmerk is*. Twee sulke tydperke was byvoorbeeld 1971 tot 1974 en 1978 tot 1980. Dit is dus verstaanbaar dat inflasie al gedefinieer is as "voorspoed met hoë bloeddruk".

Daar is wel tye wanneer inflasie gepaard gaan met 'n daling in die gemiddelde reële lewenspeil. Dit het byvoorbeeld in 1985 en 1986 gebeur toe die reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking met gemiddeld 2,4 persent per jaar gedaal het. En dit is dan ook waarskynlik hierdie betreklik onlangse ervaring wat daartoe gelei het dat baie mense tans "inflasie" as die hooforsaak van hulle "brood-en-botter"-probleme sien, en waarom die inflasievraagstuk soveel aandag in die politiek en die media kry. Maar "inflasie" en "verarming" bly twee verskillende dinge. Inflasie

*Rede gelewer tydens die Jaardinee van die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer op 22 April 1988.

hoef nie verarming mee te bring nie, en verarming kan plaasvind of daar nou inflasie is of nie. Trouens, die groot depressie en werkloosheid van 1930-32, wat destyds in Suid-Afrika die armblankevraagstuk in die kalklig geplaas het, het juis gepaard gegaan met die teenoorgestelde van inflasie, naamlik deflasie, dit wil sê 'n *daling* in die pryspeil.

"Inflasie" moet ook nie gebruik word as 'n versamelwoord vir alles wat nie lekker in die ekonomie is nie. Inflasie is 'n euwel en moet bekamp word. Maar dit is maar *een* van baie ekonomiese probleme en nie altyd die belangrikste een nie.

Inflasiebekamping is ook nie die *enigste* doelstelling van ekonomiese beleid nie. Daar is ook ander belangrike doelstellings soos optimale en bestendige reële ekonomiese groei en werkverskaffing; ewewig in die betalingsbalans, gepaard met die handhawing van 'n voordelige wisselkoers en 'n redelike peil van goud- en buitelandse valuta-reserwes; en die hantering van sanksies en disinvestering. En op die kort termyn kan daar soms 'n botsing tussen hierdie doelstellings voorkom. Die Regering se beleid teen inflasie moet dus sinvol by sy totale ekonomiese strategie ingepas word.

Die Staatspresident se nuwe ekonomiese inisiatiewe

Teen hierdie agtergrond wil ek vervolgens verwys na die historiese openingsrede van die Staatspresident voor die Parlement op 5 Februarie 1988. Die belangrikheid van daardie rede kan nie oorbeklemtoon word nie. Die nuwe beginsels wat die Staatspresident by daardie geleentheid uiteengesit het verteenwoordig 'n waterskeiding in die geskiedenis van ekonomiese beleid in Suid-Afrika. Hulle verdien die volle steun van die private sektor en van alle inwoners van die land. Wat veral verwelkom moet word, is die besluite om die uitbreiding van staatsbesteding meer effektief te betoel, om die aandeel van die openbare sektor in die ekonomie te verminder, om die tekort voor lenings in die Begroting as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk te verminder, om privatisering en deregulering deur te voer, en om sekere vername belastinghervormings soos voorgestel deur die Margo-kommissie in werking te stel.

Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie nuwe ekonomiese inisiatiewe oor veel meer fundamentele sake as die blote bekamping van inflasie gaan. Die meeste van hierdie inisiatiewe sou uiters wenslik en belangrik gewees het selfs as daar geen inflasie in Suid-Afrika was nie. Die implementering van die Staatspresident se nuwe benadering sal dus veel meer doen as om 'n bydrae tot die stryd teen inflasie te lewer. Dit sal die produktiwiteit en die welvaart van die inwoners van die land verbeter. Dit sal lei tot 'n hoër groeiakoers en 'n hoër lewenspeil. En dit sal die Suid-Afrikaanse ekonomie gesonder en sterker maak.

Die abnormale aard van die inflasie in Suid-Afrika vanaf 1985 tot 1987

Dit alles bring my by 'n aspek van die inflasievraagstuk wat met die oog op beleidsformulering tans verdere beklemtoning verdien. Dit is die feit dat die inflasie wat Suid-Afrika gedurende die jare 1985 tot 1987 ondervind het van 'n hoogs abnormale aard was en nie in konvensionele terme verklaar kan word nie.

Nie vraaginflasie gedurende 1985-87 nie

Die styging in die pryspeil gedurende 1985-87 was beslis *nie* die gewone soort vraaginflasie nie. In 1983/84 was daar wel vraaginflasie. En omdat fiskale beleid in 1983 en 1984 *te ekspansionisties* was, moes die owerheid toe 'n streng beperkende monetêre beleid toepas. Maar hierdie beleid het spoedig daarin geslaag om die oorskotvraag uit te skakel, en daarna het die politieke en ekonomiese toestande so ontplooi dat totale monetêre vraag eerder te stadig as te vinnig gestyg het. Die tydperk 1985-87 is gevolglik gekenmerk deur surplusproduksiekapasiteit, werkloosheid en 'n lae koers van toename in die reële bruto binnelandse produk – minus 1 persent in 1985, plus 1 persent in 1986 en plus 2½ persent in 1987.

Die breë geldvoorraad (M3) het ook nie te vinnig gedurende hierdie tydperk gegroei nie. Intendeel, die toenamekoers van M3 het dwarsdeur hierdie twee jaar benede of binne die neergelegde mikpuntgrense van 16 tot 20 persent in 1986 en 14 tot 18 persent in 1987 gebly. Ook die *effektiewe* breë geldvoorraad of MV, dit wil sê M3 *aangepas vir veranderinge in sy omloopsnelheid*, het nie oormatig toegeneem nie. Tussen die vierde kwartaal van 1985 en die vierde kwartaal van 1986 het dit met 18,4 persent gestyg, en tussen laasgenoemde kwartaal en die vierde kwartaal van 1987 met 16,1 persent. Hierdie toenamekoerse het dus ook binne die neergelegde mikpuntgrense vir M3 geval.

Dit is dus duidelik dat die totale monetêre vraag (verbruik plus investering) nie oormatige druk op hulpbronne gedurende 1985-87 uitgeoefen het nie. Gedurende hierdie tydperk was daar geen sprake van "too much money chasing too few goods" nie.

Nie loondrukinflasie gedurende 1985-87 nie

Die inflasie gedurende 1985-87 was ook nie van die konvensionele *loondruk*soort nie. As deel van die inflasiespiraal het lone en salarisse natuurlik met meer as produktiwiteit gestyg. Maar hulle het met *minder as die inflasiekoers* toegeneem. *Reële* lone en salarisse het

dus merkbaar gedaal. Die reële vergoeding per werker in die derde kwartaal van 1987 was inderdaad 9,03 persent *laer* as in die eerste kwartaal van 1984.

Die hooforsaak: wisselkoersdepresiasie weens kapitaaluitvloeiing

As die inflasie van 1985 tot 1987 dan nóg vraaginflasie nóg loondrukinflasie was, watter soort inflasie was dit dan? Meer spesifiek, wat het meegebring dat die inflasiekoers vanaf omtrent die middel van 1985 tydelik merkbaar versnel het?

Die hoofrede was klaarblyklik die depresiasie van die rand vanaf sy relatief stabiele vlak van omtrent 50 VSA sent tussen Januarie en laat Julie 1985 tot tussen 36 en 38 VSA sent gedurende die daaropvolgende maande. Alhoewel die rand vroeg in 1986 verstewig het tot oor 50 VSA sent, het dit later, tydens die aanloop tot Soweto-dag op 16 Junie 1986, weer gedepresieer tot omtrent 37 VSA sent in die middel van Junie, voordat dit opnuut opwaarts beweeg het tot 'n hoogtepunt van omtrent 52 VSA sent laat in Desember 1987.

Maar was hierdie depresiasie van die rand nie juis die gevolg van oormatige geldskepping en besteding nie? Dit is 'n goeie vraag, want wisselkoersdepresiasie is normaalweg die *gevolg* van oormatige monetêre vraag. In 1985-87 was dit egter duidelik nie die geval nie. Die depresiasie van die rand gedurende hierdie jare het 'n totaal ander oorsaak gehad, naamlik 'n uitvloeiing van kapitaal wat hoofsaaklik veroorsaak is deur 'n verswakking in oorsese persepsies van die binnelandse politieke en ekonomiese vooruitsigte. Hierdie verswakking het uitgeloop op 'n onttrekking deur buitelandse banke van krediete aan Suid-Afrikaanse banke en ander ondernemings en 'n netto uitvloeiing van kapitaal in ander vorms, met insluiting van vervroegings en vertragings in lopende betalings en ontvangste. Hierdie kapitaaluitvloeiing het *nie* plaasgevind omdat Suid-Afrika aan vraaginflasie gely het, of omdat die geldvoorraad te vinnig gestyg het, of omdat die rentekoerse te laag was, of omdat die Begrotings-tekort te groot was nie. Dit was die regstreekse gevolg van die politieke spanninge.

Hierdie ontleding word ondersteun deur die feit dat die kwartaal-tot-kwartaal persentasieveranderinge in die verbruikersprysindeks, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, vanaf 14,5 persent gedurende die derde kwartaal van 1985 tot 24,9 persent in die eerste kwartaal van 1986 gestyg het. Daarna het dit skerp gedaal tot 13,5 persent gedurende die tweede kwartaal van 1986, soos die uitwerking van die vroeëre depresiasie van die wisselkoers begin afneem het. Gedurende die derde kwartaal van 1986 het die syfer

egter weer tot 20,3 persent gestyg – grootliks as die verdere vertraagde gevolg van die 1985 wisselkoersdepresiasie en van die tydelike nuwe depresiasie gedurende die tweede kwartaal van 1986.

Betalingsbalansaanpassing via wisselkoersdepresiasie en "inflasie"

Die essensiële punt is dat die wisselkoersdepresiasie *en die daarmee gepaardgaande styging in die binnelandse pryspeil* nà die middel van 1985 deel uitgemaak het van die onvermydelike aanpassingsproses waardeur die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende hierdie tydperk moes gaan. Die ekonomie moes naamlik aanpas by (a) die laer dollarprys van goud, swak kommoditeitsmarkte en die droogte, en (b) die groot kapitaaluitvloeiing. Om hierdie aanpassings deur te voer, moes die gemiddelde reële lewenspeil van Suid-Afrikaanse inwoners onvermydelik daal. Die gordel moes eenvoudig nouer getrek word.

Hierdie onvermydelike aanpassings is *via* wisselkoersdepresiasie en prysinflasie gedoen. Die tol wat hierdie aanpassings geëis het was wel aansienlik. In 1985 en 1986 het die reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking gedaal met 'n gemiddelde van omtrent 2,4 persent per jaar, die reële persoonlike beskikbare (nà belasting) inkome per hoof met 'n gemiddelde van 5,2 persent per jaar, en reële private verbruik per hoof met 'n gemiddelde van 4,4 persent per jaar.

Die feit bly egter dat die Suid-Afrikaanse ekonomie met groot welslae die aanpassing wat op hom afgedwing is, deurgevoer het. Reuse oorskotte van tussen 3,7 en 5,2 persent van die bruto binnelandse produk is gedurende 1985, 1986 en 1987 op die lopende rekening van die betalingsbalans getoon. Omtrent VSA \$5 miljard is aan buitelandse skuld gedurende hierdie tydperk terugbetaal. Die goud- en buitelandse valuta-reserwes het aanmerklik gestyg sedert Junie 1986. Die depresiasie van die rand is in die loop van 1986 in 'n appresiasie omskep. Die reële groeikoers het aansienlik toegeneem en die kwartaal-tot-kwartaal toename in die verbruikersprysindeks, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, het van 24,9 persent in die eerste kwartaal van 1986 tot 13,5 persent in die vierde kwartaal van 1987 gedaal.

Die tydelike versnelling in die inflasiekoers na die middel van 1985 en die daarmee gepaardgaande daling in die reële inkome per hoof van die bevolking moet dus gesien word as deel van die meganisme van betalingsbalansaanpassing en nie as konvensionele vraag- of loondrukinflasie nie. Hierdie aanpassing het vereis dat Suid-Afrika meer moes uitvoer en minder moes invoer, en dit weer het 'n depresiasie van die rand en veranderinge in *relatiewe pryse* genoodsaak.

Sou deflasie nie 'n beter metode van aanpassing gewees het nie?

Die vraag kan wel gevra word of Suid-Afrika nie by die ongunstige ekonomiese en politieke ontwikkelings kon aangepas het *met minder prysstygings* nie?

In teorie is die antwoord ja. Maar dit sou besonder drastiese *deflasionistiese* fiskale en monetêre maat-reëls vereis het, wat onder andere afnames of baie beperkte toenames in *nominale* lone en salarisse sou beteken het. Met ander woorde, die vereiste daling in die *reële* inkome kon verkry gewees het deur middel van 'n streng beperkende monetêre beleid met baie hoë rentekoerse, hoër belastinge en laer staatsuitgawes, wat dan sou gelei het tot dalings of slegs klein stygings in *nominale* lone en salarisse. So 'n beleid van deflasie sou egter die werkloosheid vererger het en sakevertroue verder ondermyn het. Onder die ou goudstandaard het die aanpassingsproses inderdaad langs hierdie weg plaasgevind. Die rampspoedige depressie in Suid-Afrika gedurende 1931-32 dien as 'n goeie voorbeeld hiervan. Maar in die heersende abnormale sosio-politieke toestand sou so 'n aanpassing *via deflasie* nie in landsbelang gewees het nie.

Die owerheid het in 1985-87 wisselkoersdepresiasie en 'n redelik ekspansionistiese monetêre en fiskale beleid verkies bo 'n beleid van streng deflasie met hoë rentekoerse, hoë belastinge, ens. Dit was die regte keuse. In die omstandighede van 1985-87 was inflasie *nie* Suid-Afrika se grootste ekonomiese probleem nie. Dit sou toe 'n fout gewees het om inflasiebekamping tot die hoogste doelstelling van ekonomiese beleid te verhef het. Op die kort termyn is prioriteit tereg verleen aan die verstewiging van die betalingsbalans en die bekamping van werkloosheid en resessie.

Die feit dat die inflasiekoers gedurende 1985/87 nie verminder was tot 'n baie lae enkelsyfer nie, beteken dus nie dat monetêre en fiskale beleid "nie gewerk het nie". Dit was nie die doel van monetêre en fiskale beleid om ten *alle koste* die inflasiekoers tot so 'n baie lae syfer te verminder nie. Die hoofdoelstellings was om die aanslag teen Suid-Afrika te oorleef deur 'n groot lopende oorskot op die betalingsbalans te verkry om die terugbetaling van skuld en die uitvloeiing van kapitaal te finansier, om die goud- en valutareserwes te beskerm, en om sodoende 'n nuwe gesonde fondament vir vinniger ekonomiese groei daar te stel. Vandag is dit algemene kennis dat hierdie doelstellings van monetêre en fiskale beleid ten volle bereik is.

Die terugkeer na meer normale toestande in 1987/88:

Die implikasies vir anti-inflasiebeleid

Wat nou van inflasiebekamping in 1988 en daarna?

Gevaar van nuwe vraaginflasie

Die abnormale toestande wat in 1985 en 1986 geheers het, is nou verby. Dit gaan tans beter met die Suid-Afrikaanse ekonomie as in jare. Die jongste gegewens bevestig dat die ekonomiese opswaai onlangs aansienlike stukrag bygekry het, en die aanduidings is dat private en owerheidsverbruik, vaste en voorraadinvestering, produksie, indiensneming, handel en algemene ekonomiese bedrywigheid sterk sal bly styg dwarsdeur 1988. Die oplewing in die ekonomie is bepaald sterker as wat tot onlangs nog gemeen is.

Soos die opswaai gedurende die afgelope maande sterker geword het, het die vraag na bankkrediet en ander uitleenbare fondse aansienlik toegeneem. Op sy beurt het dit weer gelei tot verhoogde druk op die Reserwebank om bykomende kontantreserwes aan die banke te voorsien om hulle sodoende in staat te stel om aan te hou om hul eie krediet uit te brei. In hierdie omstandighede het die meeste rentekoerse onder die invloed van vraag en aanbod gestyg vanaf die abnormaal lae vlakke (negatief in reële terme) wat gedurende die grootste deel van 1986-87 gegeld het. Om hierdie opwaartse druk op rentekoerse te matig, het die Reserwebank aansienlike bedrae aan kontantreserwes vir die banke geskep deur sy kredietverlening aan hulle uit te brei. Die Bank het egter besef dat in die veranderde omstandighede hy hierdie ekspansionistiese beleid nie te ver kon voer nie, en wel omdat dit sou kon lei tot 'n oormatige styging in die geldvoorraad en nuwe vraaginflasie. Dit sou weer die lopende oorskot op die betalingsbalans eerlank in 'n tekort omskep.

Indien Suid-Afrika redelik normale politieke verhoudinge met die res van die wêreld gehad het, sou so 'n lopende tekort 'n logiese en wenslike uitvloeisel van die opswaifase gewees het, en sou dit feitlik outomaties deur 'n normale invloeiing van buitelandse kapitaal gefinansier gewees het. Maar vanweë ons unieke politieke posisie in die wêreld, kan ons nie op so 'n kapitaalinvloeiing staat maak nie, en moet ons dus die lopende rekening van die betalingsbalans in surplus of minstens in redelike ewewig hou, anders mag oormatige afwaartse druk op die wisselkoers van die rand en/of die goud- en valutareserwes geplaas word.

Anti-inflasionistiese monetêre en fiskale beleid

Die Regering en die Reserwebank is geruime tyd reeds bewus van die moontlikheid dat die huidige welkome

opswaai in die ekonomie in nuwe vraaginflasie mag oorslaan. Hulle weet ook uit ondervinding dat as "te min te laat" gedoen word om monetêre uitbreiding te rem, daar waarskynlik later drastiese maatreëls van een of ander aard toegepas sal moet word om besteding te beteuel, wat dan ontwrigtende gevolge mag hê. In die wete dat voorkoming beter as genesing is, het die owerhede dan ook gedurende die afgelope maande reeds verskeie stappe gedoen om monetêre en fiskale beleid minder toegeeflik of akkommodierend te maak.

So het die Reserwebank, met die instemming van die Minister van Finansies, sy mikpuntgrense vir die koers van toename van die breë geldvoorraad, M3, vanaf 14 tot 18 persent vir 1987 na 12 tot 16 persent vir 1988 verlaag. As die bekamping van inflasie die enigste oogmerk van korttermyn ekonomiese beleid was, sou selfs laer mikpuntgrense gestel gewees het. Aangesien dit egter steeds 'n belangrike beleidsoogmerk is om reële ekonomiese groei en werkskepping te bevorder, is dit raadsaam geag om die nodige monetêre ruimte vir 'n verdere toename van tussen 2½ en 3½ persent in die bruto binnelandse produk in 1988 te voorsien. Daar word geglo dat die nuwe mikpuntgrense vir M3 in 1988 versoenbaar sal blyk te wees met sowel 'n versnelde ekonomiese groeikoers as 'n verdere geleidelike daling in die inflasiekoers.

Voorts het die Reserwebank op 9 Maart 1988 'n aanduiding gegee van sy vasbeslotenheid om sy eie koers van kredietskepping te verlangsaam deur sy Bankkoers – die koers waarteen hy skatkiswissels vir diskontohuise herdiskonteer – van 9,5 na 10,5 persent te verhoog. Hierdie verhoging was deels 'n tegniese aanpassing by rentekoersstygings wat reeds in die geldmark plaasgevind het. Maar dit was ook sowel 'n uitvloeisel as 'n integreerende deel van die Bank se minder akkommoderende monetêre strategie.

Die erns van die Regering om te verhoed dat die huidige fase van sterker groei met nuwe vraaginflasie gepaard gaan, blyk verder duidelik uit die Minister van Finansies se Begrotingsrede van 16 Maart 1988. Die Begroting maak voorsiening vir 'n toename in besteding van slegs 12,6 persent in die fiskale jaar 1988/89. Verder word geraam dat owerheidsinkomste met 16,3 persent sal toeneem. Die beraamde "tekort voor lenings" kom dan op R9 860 miljoen te staan, wat 4,9 persent van die verwagte bruto binnelandse produk sal beloop, vergeleke met 5,8 persent in die vorige jaar.

In ooreenstemming met die Staatspresident se nuwe ekonomiese inisiatiewe het ons dus nou 'n beter "mengsel" van monetêre en fiskale beleid as wat ons in jare gehad het. Hierdie beleidsbenadering pas ook goed in by die jongste aanbevelings oor inflasiebekamping van die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident wat voorsiening maak vir 'n verdere vermindering in die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers vanaf 16,1 persent in 1987 tot omtrent 9,0 persent in

1990, dit wil sê met omtrent 2½ persentasiepunte per jaar.

As mens onvoorsiene ongunstige politieke of ander ontwikkelings buite rekening laat, is die huidige aanduidings dat hierdie beoogde geleidelike vermindering van die inflasiekoers wel binne Suid-Afrika se bereik is. Een voorwaarde vir so 'n vermindering is natuurlik dat die Regering en die Reserwebank by hulle aangekondigde fiskale en monetêre beleid moet bly. Spesifiek moet die toenamekoers van die breë geldvoorraad binne die mikpuntgrense van 12 tot 16 persent gehou word en moet die Regering se uitgawes en sy tekort voor lenings nie die Begrotingsyfers te oorskry nie.

As hierdie intermediêre doelstellings van monetêre en fiskale beleid bereik word, sal die inflasiekoers waarskynlik geleidelik verder afneem en sal groter regstreekse beheer oor pryse en lone, of enige ander vorm van "inkomebeleid", onnodig wees. En indien die aangekondigde monetêre en fiskale beleid *nie* effektief toegepas word nie, sal groter regstreekse beheer oor pryse en lone nie die antwoord bied nie. Inteendeel, sodanige regstreekse beheer sal dan meer probleme skep as wat dit sal oplos.

Die sterker ekonomiese opswaai en die hoër groeikoers is goeie nuus. Dit is mos presies wat ons wou gehad het. Maar nou moet ons nie vir die implikasies van die sukses van ons eie groeibeleid terugdeins nie. Die terugkeer van vertroue en voorspoed skep sy eie nuwe uitdagings wat aanpassings in monetêre en fiskale beleid verg. Spesifiek moet daar nou rekening gehou word met die gevaar van oormatige geldskepping en nuwe vraaginflasie. Daar is reeds aanduidings dat die toenamekoers van die geldvoorraad die mikpuntgrense aansienlik oorskry. Indien hierdie neiging voortduur, sal monetêre beleid beslis nog minder akkommodierend gemaak moet word.

Verklaring oor monetêre beleid

deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

4 Mei 1988

As 'n integrerende deel van die pakket ekonomiese stabilisasiemaatreëls wat vandag deur die Minister van Finansies aangekondig is, stel die Reserwebank 'n aantal stappe in werking om sy kredietverlening aan banke en diskontohuise te beperk ten einde die huidige oormatige koers van toename in die geldvoorraad te beteuel.

Hierdie besluit volg op 'n aanmerklike verdere verbetering in die binnelandse ekonomiese toestand en 'n toename in die reële bruto binnelandse besteding gedurende die eerste kwartaal van 1988 tot 'n vlak meer as 10 persent hoër as dié van die eerste kwartaal van 1987. Hoewel hierdie styging in die vraag verdere druk krag aan die opswaai in reële produksie en inkome verleen het, het dit geneig om oormatige druk op sowel binnelandse hulpbronne as invoere te plaas gedurende 'n tydperk toe uitvoere besig was om te daal. Indien dit nie betyds beperk word nie, sou hierdie styging in besteding derhalwe nuwe vraaginflasie, betalingsbalansprobleme en afwaartse druk op die wisselkoers van die rand tot gevolg kon hê.

Die buitengewone toename in die totale besteding is moontlik gemaak deur 'n styging in die breë geldvoorraad, M3, gedurende die eerste kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 24 persent. Dit het die voorlopige Maart-syfer vir M3 op 'n heelwat hoër vlak te staan gebring as die aangekondigde mikpuntgrense vir 1988 van 12 tot 16 persent.

Die hoofrede vir die versnelde styging in M3 was 'n oormatige toename in kredietverlening deur banke en bouverenigings aan die private sektor, met inbegrip van verbruikerskrediet en huisverbandlenings. Nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1987 teen 'n jaarkoers van 22 persent gestyg het, het die totale kredietverlening deur monetêre instellings aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1988 teen 'n geraamde jaarkoers van 26 persent gestyg. Om hierdie toename te onderskraag, moes die banke bykomende kontantreserwes in die mark bekom, en hulpogings om dit te doen het natuurlik opwaartse druk op korttermynrentekoerse uitgeoefen. Ofskoon die Reserwebank op die gevolglike styging in korttermynrentekoerse gereageer het deur sy Bankkoers van 9½ persent tot 10½ persent op 9 Maart 1988 te verhoog, het hy voortgegaan om die opwaartse neiging van rentekoerse te temper deur op 'n verskeidenheid maniere akkommodasie aan die bankstelsel te verleen. In die omstandighede wat nou ontstaan het, beskou die Reserwebank dit egter as noodsaaklik om verdere stappe te doen om sy eie kredietskepping te beperk.

Om uitvoering aan dié benadering te gee, gaan die Reserwebank die beleid in werking stel wat hy reeds vroeg

in Desember 1987 tydens samesprekings met die banke en bouverenigings uiteengesit het. Die Reserwebank het reeds in daardie stadium aangedui dat hy nie noodwendig sou voortgaan om tekorte in die geldmark in dieselfde mate as voorheen te verlig of te voorkom deur terugkoop-ooreenkomste aan te gaan of deur fondse van die Korporasie vir Openbare Deposito's (KOD) per tender beskikbaar te stel nie. In plaas daarvan sou die Bank daarop aandring dat 'n groter deel van sodanige akkommodasie deur sy diskontovenster voorsien word. Mededelings met dié strekking is tydens die Reserwebank se vergaderings met die banke en bouverenigings aan die begin van Maart 1988 en in die Bank se verklaring insake die verhoging van die Bankkoers op 9 Maart 1988 herhaal.

Ná verdere samesprekings wat op 28 April 1988 met die banke en die bouverenigings gevoer is, het die Reserwebank nou besluit om die volgende beleidsveranderinge aan te bring:

- (1) Om uitvoering te gee aan sy voorneme om deur sy diskontovenster 'n groter gedeelte van die banke se behoeftes aan kontantreserwes te voorsien, sal die Reserwebank in die toekoms aansienlik minder akkommodasie as in die verlede deur middel van terugkoop-ooreenkomste, KOD-tenderfondse of ander vorms van opemarktransaksies beskikbaar stel. Hierdie metodes van akkommodasieverlening sal slegs gebruik word om oormatige maandeinde- en ander seisoenskommelings in die geldmarktoestand uit te stryk.
- (2) Akkommodasie deur die diskontovenster sal normaalweg slegs voorsien word deur die herdiskontoring van, of deur die toestaan van oomaglenings teen die onderpand van, *likwiede bates* soos skatkiswissels, Landbankwissels, likwiede bankaksepte en korttermynstaatseffekte. Slegs in uitsonderlike omstandighede sal oomaglenings teen die onderpand van nie-likwiede bates toegestaan word.
- (3) Ter erkenning van die onvermydelike opwaartse druk wat hierdie beteueling van die Reserwebank se akkommodasie op korttermynrentekoerse sal uitoeven, sal die Reserwebank sy Bankkoers met ingang van 5 Mei 1988 van 10½ persent na 11½ persent verhoog. Bankkoers is die koers waarteen die Bank skatkiswissels *vir diskontohuise* verdiskonteer. Die Bank se herdiskonteringskoerse vir Landbankwissels en likwiede bankaksepte vir die diskontohuise sal insgelyks met 1 persentasiepunt van onderskeidelik 10,65 persent na 11,65 persent en van 10,80 persent na 11,80 persent verhoog word.
- (4) *Vir banke* sal die herdiskonteringskoerse vir skatkiswissels, Landbankwissels en likwiede bankak-

septe soos voorheen genoteer word op vlakke wat 0,50 persentasiepunte hoër is as die koerse wat op diskontohuise vir die herdiskontering van hierdie verskillende instrumente van toepassing is. Dit beteken dat hierdie koerse eweneens met 1 persentasiepunt van onderskeidelik 11,00 persent, 11,15 persent en 11,30 persent na 12,00 persent, 12,15 persent en 12,30 persent verhoog word.

- (5) Die Reserwebank se koerse op oornaglenings *aan die diskontohuise* sal met 1 persentasiepunt verhoog word. Dit beteken dat die koers van 12,00 persent na 13,00 persent verhoog word ten opsigte van oornaglenings wat deur korttermynstaats-effekte en skatkiswissels gedek word; van 12,25 persent na 13,25 persent vir lenings wat deur likwiede Landbankobligasies en -wissels gedek word; en van 12,75 persent na 13,75 persent vir lenings wat deur likwiede bankaksepte gedek word.
- (6) Die Reserwebank se koerse vir oornaglenings *aan banke* sal soos voorheen genoteer word op vlakke wat 0,75 persentasiepunte hoër is as die koerse wat van toepassing is op oornaglenings aan diskontohuise in die gevalle waar sulke lenings gedek word deur onderskeidelik korttermynstaatseffekte en skatkiswissels, likwiede Landbankobligasies en -wissels en likwiede bankaksepte. Dit beteken dat hierdie koerse ook met 1 persentasiepunt van onderskeidelik 12,75 persent, 13,00 persent en 13,50 persent na 13,75 persent, 14,00 persent en 14,50 persent verhoog word.
- (7) Oornaglenings wat *in buitengewone omstandighede* teen die onderpand van nie-likwiede bates verstrekk word, sal teen 16 persent vir die eerste dag toegestaan word, en hierdie koers mag progressief verhoog word vir enige bank wat geag word oormatige gebruik van die fasiliteit te maak.

Daar word verwag dat hierdie verskerping van die Reserwebank se akkommodasieprosedures en die gepaardgaande styging in sy herfinansieringskoerse deur 'n styging in die banke se prima-oortrekkingskoerse van 14 na 15 persent gevolg sal word. Dit sal hierdie koerse in lyn bring met die heersende rentekoerse op bankaksepte, korttermynstaatseffekte en ander soortgelyke geldmarkbates, wat in 'n groot mate reeds die styging in die Bankkoers verdiskonteer het en bygevolg nie verdere aanmerklike veranderinge in die onmiddellike toekoms mag toon nie. Aan die ander kant mag die heersende neiging vir die vraag na huislenings om die aanbod daarvan te oorskry, wel verdere opwaartse aanpassings in die huisverbandkoerse van sowel banke as bouverenigings tot gevolg hê.

Bykomend tot hul verwagte uitwerking op die binnelandse ekonomie, behoort die hoër rentekoerse en die Reserwebank se nuwe akkommodasiebeperkings Suid-Afrikaanse invoerders en uitvoerders aan te moedig om relatief meer van buitelandse handelsverwante kre-

diete en relatief minder van binnelandse krediet gebruik te maak. Dit sal help om die neiging wat reeds geruime tyd heers dat invoerders en uitvoerders van relatief duur buitelandse bronne van finansiering na relatief goedkoop binnelandse bronne oorskakel, te stuit of om te keer. 'n Sodanige ontwikkeling sal die kapitaalrekening van die betalingsbalans versterk en die goud- en buitelandse valuta-reserwes rugsteun.

Bykomend tot die maatreëls wat hierbo uiteengesit is, versoek die Reserwebank alle banke en bouverenigings om die koers waarteen hulle krediet aan die private sektor verleen te verlangsaam, en in die besonder die verlening van verbruikerskrediet en verbandlenings vir die finansiering van luukse privaatwoningen te be- teuel. Onder andere moet sorg gedra word om nie die finansiering van verbruiksbesteding deur middel van huisverbandlenings aan te moedig nie.

Die Bank wil ook graag sy beroep op die banke herhaal om voort te gaan om finansiële akkommodasie aan boere te verleen wat onder die droogtes en vloede gely het, en om dit op voorwaardes te doen wat hierdie boere sal help om hulle op 'n gesonde finansiële grondslag te hervestig.

Soos die ander maatreëls wat vandag aangekondig is, is die aanpassings van monetêre beleid hoofsaaklik bedoel om oormatige kredietverlening, geldskepping en binnelandse besteding, wat uiteindelik 'n behoefte aan strenger korrektiewe maatreëls sal skep, reg te stel en te voorkom. Die vernaamste resultate van die stappe wat nou gedoen word om die groeikoers van M3 nader aan sy mikpuntperke te bring, sal slegs na die verloop van etlike maande duidelik word. Dit is waarom tydige optrede op hierdie terrein so belangrik is. Monetêre beleid in sy geheel bly egter bevorderlik vir die behaling van 'n groeikoers van die reële bruto binnelandse produk van tussen 2 en 3 persent in 1988.